**Maandag 19 Junie**
**Skrifgedeelte: Josua 24:1-29**
**Fokusgedeelte: Josua 24:14-15**
**Kies vandag: Ek en my huis sal die Here dien**

Het jy al gekies om die Here lief te hê en te dien en hoedat jy dit wil doen? Miskien dink jy: “God het my as sy verbondskind uitverkies.” Miskien: “Ek behoort, danksy Christus se verdienste, aan die Here. Dit is onnodig dat ek kies.”

Josua het juis die uitverkore verbondsvolk van die Here beveel: “Kies dan vir julle vandag.” Dit was pas nadat die Here God die belofte wat Hy aan Abraham gemaak het, nagekom het. Elk van die stamme van Israel het hulle eie grondgebied in die beloofde land gekry. Die land het gereed gelê. Rustigheid en sekerheid het geheers.

Wat die volk ook al sou kies, hulle moes weet wat Josua gekies het: “Ek en my huis, ons sal die Here dien.” Op die tydstip van sy keuse het hy sy roeping vervul. Pas nadat hy die volk die laaste maal toegespreek en hulle huis toe gestuur het, het hy gesterf (Jos. 24:29). Die verbondsvolk van God en die man wat sy roeping vervul en die einde van sy lewenspad bereik het, moes kies. Die profeet Elia het ook die Here se verbondsvolk opgeroep om kies (1 Kon. 18:21). Toe ander Jesus begin verlaat het, het Hy sy dissipels gevra: “Wil julle nie ook weggaan nie?” (Joh 6:67). Ook ons moet van tyd tot tyd kies.

Waarom moes die verbondsvolk van God kies? Waarom het Josua sy keuse aan die volk bekend gemaak? Waarom moet ons nie weier om self te kies nie? Ons is en bly almal sondaars en tot die sonde geneig. Dit is so maklik om van die Here God afvallig te raak. Ons moet telkens reg kies: om die Here God onder leiding van die Heilige Gees heelhartig en met oorgawe te dien uit dankbaarheid dat ons op grond van Christus se verdienste aan Hom behoort.

*Sing: Psalm 119-1:10 / Psalm 119-2:8*

*Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)*